

Versoening net voor die voleinding



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Maleagi 4:5, 6; Matteus 11:14, 15; 17:10; 1 Konings 16:29-17:24 en hfst. 18:20-45; asook Matteus 3:2.

Geheeteks:

“Kyk, voordat die groot en angswekkende Dag van die Here aanbreek, stuur Ek die profeet Elia na julle toe. Hy sal ouers met hulle kinders versoen en kinders met hulle ouers. As dit nie gebeur nie, sal Ek die land met vernietiging tref” (*Maleagi 4:5, 6; NAB, woordorde effens aangepas; vgl. OAB*).

Ons lei ons lewens in fases. Soms verloop dit soos ons verwag, ander kere nie juis nie. Partymaal is die gesinsband heg met eenheid wat heers, ander kere hang alles aan ’n draadjie. Soms is dit reeds gebroke. Een ding is seker: Ons kán en móét in die lig van Gods beloftes wandel; ongeag die lewensfase waarin ons ons as individue of as gesinne bevind, of selfs die toestand waarin ons albei verkeer. Aan daardie beloftes moet ons vasklou – met ons hele wese, en met al ons krag en mag – want uiteindelik is dit al hoop wat ons het. Tog is dit so ’n wonderbare hoop. Die Woord van God is die ene beloftes; beloftes wat ons, ongeag die lewensfase van die gesin en sy lede, as gelowiges kan eien. Daardie beloftes is vir die individu, vir geliefdes, vir die gesin en ook ander bloedverwante, asook die kerkgesin. Hier in die laaste week van dié kwartaal bekyk ons ’n aantal verhale, beloftes en ervarings uit die Skrif. Elkeen speel natuurlik teen ’n bepaalde agtergrond af. Tog sal ons telkens lesse daaruit probeer put, ten spyte van die moderne wêreld waarin ons woon. Ongeag die wie, waar en watter fase van ’n mens se lewe, is een ding seker: Dat jy waarskynlik met persoonlike stryd, vrees en bekommernis te kampe het. Gelukkig aanbid ons ’n God wat bewus van ons stryd teen struikelblok en uitdaging is. Wat meer is, Hy is die God wat – en dit kan ons vir seker weet – reeds daardie probleme voor is!

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 29 Junie.*

Die profesie oor versoening

Vergelyk die profesie oor die terugkerende Elia met die Nuwe-Testamentiese beloftes oor versoening. Mal. 4:5, 6; Matt. 11:14, 15; 17:10; Mark. 6:15 en Luk. 1:17.

In Maleagi se tyd doen God 'n beroep op sy volk: “Keer terug na My toe en Ek sal na julle toe terugkeer” (*NLV*) maar dan kom die hoogmoedige teenvraag: “Waarom moet ons ons bekeer?” (*Mal. 3:7, NAB*). Die gefrustreerde profeet kondig egter 'n laaste kans op herlewing vir die verbondsvolk aan. Hy eggo Elia se profesie oor ouer en kind wat versoen word (in 1 Kon. 18:37). Maleagi sê dat Elia sal terugkeer en dat hy “die hart van die vaders sal terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders” (*Mal. 4:6; OAB, woordorde effens aangepas*). Uit hierdie twee profesieë het die Joodse leer ontwikkel wat sê dat Elia persoonlik as voorloper van die Messias sou terugkeer (*vgl. Matt. 17:10 en Mark. 6:15*). Die Nuwe Testament sê egter dat Johannes die Doper daardie profesie vervul het (*Matt. 11:14, 15; Luk. 1:17*).

In die 1953-vertaling praat dit van harte wat “teruggebring” word en in die 1982-vertaling van “versoening.” Wat beteken dit?

Hierdie skriftuur kan op 'n aantal verskillende maniere geïnterpreteer word. Dit kan, ten eerste, op die versoening tussen God en sy verbondsvolk dui. God is die Vader (*Jes. 63:16*) wat van harte “terugkeer” na sy kinders – deur af te sien van sy woede oor hul ongehoorsaamheid (*Miga 7:18, 19*) – en wat nou vra dat hulle ook na Hom moet terugkeer (*Jes. 44:22, Mal. 3:7*). Dit kan ook, ten tweede, op 'n verbondshernuwing dui, waar die nuwer geslag na die trou en geloof van hul voorsate terugkeer. Die profetiese oproep vir Gods kinders om in die voetspore van die patriarge te volg, is iets wat herhaaldelik in die Ou Testament voorkom. Of hulle verblyf in die beloofde land wel 'n geseënde ervaring is, hang direk van hul getrouheid aan die verbond af (*Deut. 4:29-31*). Ten derde kan dit ook op die herstel en vernuwing van gesinsbande dui. Die ouer-kind-verhouding is dus 'n soort verbondsgetrouheid in die klein. Hier het ons weereens die nakom van bepaalde verpligtinge tussen ouer en kind, en die feit dat dit ten nouste met die nuwe geslag se voortgesette erf van die land, asook God se voortgesette seëning van daardie nuwe gesinseenheid, saamhang (*Spr. 2:21*).

Hier het ons die band tussen God en gelowige, maar ook dié tussen gesinslede, wat herstel word. Hoekom behoort die een die ander voor af te gaan?

Die gesin herenig

Dit was Jesebel – ’n Sidoniër en koning Agab se vrou – wat Baälsaanbidding aan Israel bekend gestel het. So is die volk se morele verval dan drasties versnel. God se voorskrifte wat die huwelik, die gesin en seksuele omgang geheiligde instellings gemaak het, is voortaan deur praktyke soos bloedskande, prostitusie asook ander afwykende seksuele gedrag oorskadu. Tot hierdie kruitvat van godsdienstige konflik het Elia toegetree. Sy blote naam – “Jehova is my God” – was alreeds ’n teregwysing vir die afgod Baäl.

Watter verhaal uit Elia se lewe maak hom sinoniem met die omverwerping van heidense praktyke en gesinsherlewing? 1 Kon. 16:29-17:24; vgl. Luk. 4:25, 26.

Elia was ’n gebrandmerkte man nadat hy die land tot droogte vervloek het. Die Here het hom egter skuilplek gegee, maar weliswaar op ’n onverwagse plek – by ’n weduwee in Sarfat, ’n plek in Sidon en boonop Jesebel se tuisdorp. Met die intrapslag toets Elia die weduwee op ’n byna hardvoggige wyse: Sy moes haar laaste vuurmaakhoutjies, olie en meel gebruik om vir hom ’n ete voor te berei. Waar môre se kos vandaan sou kom, dié moes sy in God se hande laat. Die weduwee slaag egter die toets en word die legendariese toonbeeld van geloof. Baie geslagte daarna praat Jesus met lof van die weduwee se geloof (*Luk. 4:26*). Dag na dag merk die weduwee dat daar steeds olie en meel is. So leer sy dan die magtige voorsiener-God ken. Toe die groot tragedie: Haar enigste seun raak skielik siek en beswyk. Sy betreur haar lot voor Elia. Haar woorde is tekenend van ’n bepaalde godsdienstige siening – die populêre dwaalleer waarin Israel destyds vasgevang was – naamlik die offer van kinders ter vergifnis van sonde (*1 Kon. 17:18; vgl. Jer. 19:5 en Miga 6:7*).

Die Fenisiese weduwee is oplaas met haar seun herenig. Watter uitwerking het dit op haar geestelike lewe gehad? 1 Kon. 17:24. Let op haar reaksie na die wonderwerk. Wat leer ons daaruit?

Die weduwee se reaksie toon die verreikende gevolg wat Elia se boodskap gehad het. Geloof in God en sy Woord – dít is die saadjie wat in haar hart geplant is nadat die Here die weduwee se seun lewendig gemaak en die gesinnetjie weer byeengebring het. Baie mense is gou om bybelleerstellings te beaam, maar wanneer dit by geestelike ervaring kom, is hulle half-apaties. Wanneer ’n mens egter die waarhede in Gods Woord eerstehands beleef, en wanneer gesinsbande herstel word en weer blom, kom ware oortuiging op ’n heelwat kragtiger wyse as tevore te voorskyn.

Met watter bloedverwant of gesinslid wil jy die graagste herenig word? Aan watter bybelbeloftes klou jy vas terwyl jy gelowig op daardie hereniging wag?

Van harte terug na die huisaltaar

Lees 1 Konings 18:20-45. Waaroor gaan dié skrifgedeelte se gebeure in 'n neutedop? Duidelik het dié verhaal nie direk betrekking op die gesin nie. Tog kan die beginsel wat 'n mens daaruit leer op die gesin toegepas word. Hoe so?

Elia se groot begeerte op Karmel was die volk se terugkeer na die verbond, 'n terugkeer na die geloof van hul voorvaders ten einde heling aan hul gebroke lewens, huishoudings en land te bring. Die tyd vir die aandoffer. Nadat die Baälpriesters nie daarin kon slaag om hul offer aan die brand gestee te kry nie, was dit Elia se beurt. Dit is ook nie om dowe neut dat hy op daardie juiste oomblik toegetree het nie. Met die aandoffertyd vestig hy die volk se aandag op God se verlossingsplan soos dit in die offerstelsel versinnebeeld word (*vgl. Eks. 29:41*). Let op Elia se woorde aan die volk in daardie uur: “Kom nader!” (*1 Kop. 18:30, NLV*). Dit klink baie soos die Verlosser se oproep aan die sondaar (*vgl. Matt. 11:28*). Hier is daar begrip vir die pyn van elke ouer met 'n koppige kind, en die versekering dat God daardie kind net so innig liefhet as wat Hy die sondige Israëliete op Karmel gehad het. Die Here werk onverpoosd om sy verlore kinders weer na Hom toe te trek.

Elia se noukeurige en tydsame bou van God se altaar vind weerklank in ons tyd. Ouers dit doen deur die kinders se aandag doelbewus op Jesus en sy reddende genade te vestig. Huisgodsdien skenk huismense die geleentheid om tot God te bid, om met mekaar oor die dinge van die Here te praat, om sy genadegawe van verlossing opnuut te ontvang, en om die leer van Jesus rustig te sit en bepeins. Die reaksie wat Elia te wagte was, is ook 'n soort teken dat God sy verlore kinders terug verwelkom het; dat “hierdie volk kan erken... dat Ú hulle hart tot U laat terugkeer,” soos dit in 1 Konings 18:37 gestel word” (OAB). Die mensehart wat terugkeer na God is nie iets wat ons self kan vermag nie. Ons kan bloot reageer op die genade wat Hy ons vrylik skenk.

Let wel: Die alles-verterende vuur uit die hemel val nie op die skuldige nie, maar op die offerhande. Dit is 'n vooruitwysing op Jesus, wat “sonde vir ons gemaak [is], sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” (*2 Kor. 5:21, OAB*). 'n Koor van spontane lofprysing en belydenis het daardie dag opgegaan. Die Baälpriesters is egter om die lewe gebring omdat hulle God se oproep doelbewus geïgnoreer het, waarna verkwikkende reën die droogtevervloeking gebreek het.

In watter toestand verkeer jou “huisaltaar”? Watter konkrete dinge kan die gesin doen om daardie “altaar” te “herbou,” indien dit wel “bouvallig” is?

Versoening by die Jordaan

Uit die engel Gabriël se voorspelling (*Luk. 1:17*) en uit Jesus se getuienis blyk dit dat Johannes die Doper inderdaad die lankverwagte Elia sou wees en was (*Matt. 11:14; 17:12, 13*). Daarbenewens bevestig die vier evangelieskrywers dat Johannes inderdaad die “boodskapper” was wat die paai vir die Messias sou gelykmaak (*Matt. 11:10, Mark. 1:2, Luk. 7:27; vgl. Mal. 3:1*).

Let op die hoofkenmerke van Johannes die Doper se prediking. In watter opsig was sy boodskap “’n terugbring van die mensehart tot God”? Matt. 3:2, 8; 14:4; Mark. 1:4 en Luk. 3:3, 8, 9, 11, 13, 14.

Soos ’n outydse boer wat deur harde grond moes ploeg voordat hy kon saai, wys Johannes die mense op hul sonde en doen hy ’n ernstige oproep: Bekeer julle. Met die mens is dit maar so: Sonder selfondersoek, sonder die besef wat fout met jou is, is daar geen behoefte vir ’n beter lewe nie. Johannes se prediking het die mens tot inkeer gebring, ’n ommeswaai en terugkeer na die gewytheid van God en sy gebod, en die feit dat hulle sy volmaakte geregtigheid gemaak het. Nederigheid en gedragsverandering via ’n Godgerigte lewe is die tekens van ware bekering. Johannes die Doper het die vlak, selfgesentreerde skynheiligheid van diegene wat Abraham as hul stamvader geëien het, blootgelê. Sodoende het hy die dieper betekenis van hul voorvaders se geloof aan die lig probeer bring.

Hoe het Johannes se prediking die weg vir Jesus gebaan? Joh. 1:35-37 en 3:27-30.

God het aan Johannes getoon dat Jesus die Lam van God is. Toe Johannes dus vir Jesus op hierdie wyse aan die mense bekend gestel het (*Joh. 1:29, 36*), het hy letterlik die mense se harte tot God teruggebring. Twee van Johannes die Doper se dissipels – Andreas en die Evangelieskrywer Johannes (wat later ook daardie dag se gebeure geboekstaaf het) – het byvoorbeeld die woestynprediker verlaat en Jesus begin volg. Die Eliaboodskap dui dus nie net op die sondaar se behoefte aan bekering nie. Dit identifiseer ook die Outeur van ons redding: Christus. Oor Hom raak ons begeesterd, en tussen Hom en ons medemens bring ons ’n ontmoeting mee.

Gestel Johannes die Doper het by julle kom kuier. Wat dink jy sou sy boodskap aan jou en jou huismense gewees het?

Terugkeer in die eindtyd

As Adventiste voel ons dat ons, tot 'n mate, dieselfde roeping as Johannes die Doper het. Hy was die roepstem tot bekering en hervorming, ter voorbereiding op Jesus se eerste koms. As beweging het ons 'n soortgelyke taak, maar dié keer in aanloop tot die wederkoms van Christus.

Lees Lukas 1:17 biddend. In watter opsig is hierdie 'n raak beskrywing van ons sending?

Die hemelse Vader het die harte van sy kinders teruggebring tot Hom, en deur die kruis het Hy ook sy kinders onderling versoene. Die Eliaboodskap pleit by elke gesin om hierdie ongelooflike goeie nuus van harte te glo (2 Kor. 5:18-21; vgl. Ef. 2:11-18) en om deur sy genade gevul te word namate die Heilige Gees 'n ryke liefdesoes in hulle voortbring.

Groot is die wêreld se behoefte aan daadwerklike voorbeelde van onbaatsugtige naastediens, en blywende en onwankelbare toewyding aan God. Deur Gods genade kan die Christelike gesin die vergestaltung van hierdie dinge wees. Tog moet 'n mens ook onthou dat die evangelieboodskap wat ons uitdra ook op die evangeliewerker self van toepassing is. Die evangeliebeginsels – dié van liefde, eenheid en selfopoffering – moet eers onder gelowiges, en veral in ons eie huisgesinne, uitgeleef word; want daarsonder is ons nie by magte om die blye boodskap uit te dra nie; nóg die mooi kanselwoorde, nóg die logiese uiteensettings en bybelseminare is afdoende. Nee, ons lewens (en veral ons gesinslewens) moet 'n aanskouingsles vir die wêreld wees – van al daardie dinge waarvan ons preek: Van inkeer en berou, van versoening, van wedersydse liefde en van toewyding. Met krag van Bo het Johannes die Doper 'n bekeringslewe gelei, 'n lewe wat sy prediking doeltreffend gemaak het. Deur Gods genade kan ons hom dit nadoen, maar slegs namate ons ons samewerking aan die Here gee.

Danksy Jesus is ons nou deel van die hemelse gesin (Ef. 3:15). Ons bely dat ons God dien. Onthou net: Of ons gesinne nou uit een of meer lede bestaan, ons word geroepe om getuies vir God te wees. Deur ons sien die wêreld hoe 'n gesin lyk – hetsy klein of groot – wat deur die krag van die evangelie getransformeer is. 'n Kragtiger getuienis as dit is daar beslis nie!

Wat kan jy doen, om op 'n spesiale wyse, aan die mense naaste aan jou (of dit nou huismense of familie of selfs vriende is) te toon dat jy vir hulle omgee en liefhet?

Vir verdere studie:

Ellen G. White-geskrifte: “Carmel” (bl. 143-154) in *Prophets and Kings*, en “The Voice in the Wilderness” (bl. 97-108) in *The Desire of Ages*. “Net soos Johannes [die Doper] moet ons ook nie doekies omdraai nie. Hy het konings oor hul sonde aangespreek. Ten spyte van die gevaar waarin hy verkeer het, het hy nooit die waarheid verswyg nie. Die moderne gelowige se uitreikwerk moet met dieselfde getrouheid aangepak word” (Ellen G. White-kommentaar, in die *SDA Bible Commentary*, vol. 4, bl. 1184).

Vrae vir bespreking:

1. Bespreek die volgende in klastyd: Die relevansie van die Eliaboodskap vir julle gemeente. Wat kan die klas doen om die aard en belangrikheid van die boodskap by die res van die gemeente tuis te bring? Hoe kan julle dit tesame verkondig?
2. Vra enige vrywilligers om hul getuienis met die klas te deel van hoe God hul harte tot Hom en die waarheid “teruggebring” het. In die getuienis moet hulle op die volgende let: Die aard van hul hartsverandering, asook die uitwerking wat dit op hul lewens en dié van hul huismense gehad het.
3. Wat kan ons te wagte wees, siende dat ons die rol van moderne Johannes die Dopers vertolk? Wat is die indirekte boodskap in daardie antwoord?
4. Stel nou ’n soort “Aanhef tot die Gesinsgrondwet” op waarin die beginsels ter handhawing van ’n Christelike gesin in ’n enkele paragraaf uiteengesit word. Watter kriteria het jy ter identifisering van daardie beginsels gebruik? Wat het jy dié kwartaal geleer wat met die opstel van dié Aanhef tot Gesinsgrondwet gehelp het? Wees bereid om dit nou in klastyd met die res te deel.
5. Op watter bybelbeloftes kan die gelowige ouer hom of haar beroep wanneer dit by afvallige kinders kom?